

Sing vooraf: Psalm 138:1 (p. 670)

- 1 'k Sal met my gans hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁿ in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:3 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Geloofsbelofte: Nicea

Na die wet bid ons voor God om vergewing van ons sondes en versoening met Psalm 31:13 (p. 146)

Wet

Psalm 31:13 (p. 146)

- 13 Onthou my nie u wonderlik nie: / blik in u goedheid neer, / en red my tog, o HEER!
Laat my nie voor my haters swig nie. / Laat nooit verleë sug nie / wie biddend tot U Mug nie.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 19:5 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Skriflesing: Jesaja 59

Teks: Jesaja 59:2; Kategismus Sondag 2

... maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. (Jesaja 59:2 AFR1953)

Die krag van ons sondes kom uit in ons ongeregtheid. Ons kan dit ook anders sê: As ek voor 'n geestelike spieël gaan staan en ek kyk na myself, sal die ellendigheid wat ek van myself sien, elke keer die sondes wees wat ek doen.

Die sondes wat ons doen, bly nie sonder gevolge nie.

- Dit is 'n misdaad wat ons teen God pleeg, en daarom gaan God ons daarvoor straf.
- Ons sondes (noem dit ongeregtheid!) stuur ons in 'n geestelike ballingskap in.
- Dit vervreem ons van die Here – en baie keer vervreem dit ons ook van die mense wat die heel naaste aan ons is.

In al twee gevalle is die effek dieselfde: Dit word 'n skeidsmuur – so sê die Here.

- 'n Skeidsmuur is 'n muur wat in 'n kamer ingebou word om die vertrek in twee te verdeel.
- Presies dit doen dan die ongeregtige dinge wat ons aanvang.
 - Dit deel ons van die gesig van die Here af weg.
 - Dit deel ons ook van die liefde van die Here af weg.
 - Net so skei dit ons van die liefde van ons medemense af weg.

As ons na voorbeelde hiervan in die Bybel soek, is daar talle:

- Adam en Eva sondig – toe word hulle uit die Paradys uitgedryf en deur God gestraf.
- Kaïn se sonde lei tot vervreemding van God en van sy mense.
- Dink aan die Ballingskap wat die Here oor die Israeliete gebring het.
- Dink aan Judas!

Dié klomp gebeurtenisse is ernstig – en daar is talle meer voorbeelde in die Bybel en in elkeen van ons se eie lewens. Daarom moet ons hierdie saak aan ons persoon toets.

Wat glo ons van ons eie ellendes?

Ons is baie keer geweldig skerp op ander mense oor hulle foute. Is ons net so skerp en onverbiddelik op onself?

Die feit dat die Here Jesus ons aansê om die balk uit ons eie oog te haal voordat ons aan die kerm raak oor iemand anders se splinter, wys op veral twee dinge:

- Dit wys daarop dat die Here ons dubbele standaarde nie goedkeur nie.
- En dit wys daarop dat ons in ons kennis van die algemene ellendes en sondes onself miskyk.

Wat dit heelwat ernstiger maak, is dat dit beteken:

- dat ons hierdie onvermoë het omdat ons God die Heilige Gees nie toelaat om in ons te werk nie;
- dat ons nie die vermoë het om genoeg na Hom te luister nie; en
- dit is waar ons onmag vandaan kom!

Ons steek dus die een of ander tyd in ons geloofsontwikkeling vas voor die vraag: *Ken ek my persoonlike ellendes?*

Ons het dit in ons aard om graag van ander se sondes en ellendes te wil weet.

- Ons storieboeke wat ons lees, en die verhale wat ons op die televisie kyk, wemel van gruweldade en skandale – en ons verslind dit!
- Ons koerante se beste stories gaan ook net oor moord en oor die foute wat die grotes en die rykes maak – dis sensasie. Die mensdom moet dit weet! So glo ons en daaraan neem ons deel.

Maar is dit die waarheid wat die Here by ons wil sien?

- Is dit die waarheid waarmee ons ons pad na die saligheid uitplavei?
- Dit kan tog regtig nie waar wees nie, want hierdie dinge is vuil!

- En ons kan tog nie smet deel maak van ons lewe en dan daarop wil roem dat dit ten goede is nie?!

God die Heilige Gees sal by elkeen van ons wil weet of ons net so skerp jag maak op ons eie sondes en skandale as wat ons jag maak op die dinge wat ons in die koerante lees van ander mense!

- Wat sal ons daarvan sê? Dalk iets soos: Here ek wil nie van my eie foute hoor nie!
- Ek weier om my skandes openbaar te maak – dit het met niemand iets te doen nie!

Die feit is ons eie lewens lyk soos die van die mense wat ons verguis.

- Daarom leer die Heilige Gees ons deur God se Woord dat ons sondes ons siel en ons liggaam net so verderf soos die wat ons by ander mense veroordeel.
- Hy leer ons dat as ons nie die sonde gaan oorwin en daarvoor vlug nie, dan gaan ons ons in God se straf vasloop!

Daarom moet ons ernstig oplet na die dinge wat ons bely. Ons bely in die Heidelbergse Kategismus dat ons ons sondes ken uit die wet van God. Natuurlik is dit waar dat die wet van die Here ons leer waar ons sonde doen! *Wat staan daar **nie** in hierdie sin geskryf **nie**?*

- Daar staan nie dat die wet die enigste bron is wat ons sondes aan ons openbaar nie! Op 'n bepaalde manier gebruik die Here ook ons gewetes om ons sondes aan ons te openbaar:
Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig, (Romeine 2:14-15 AFR1953)
- Ons weet dat die kruis van die Here Jesus Christus ook ons sondes openbaar:
Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God (Romeine 3:25 AFR1953)
. . . en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,
(Kolossense 2:14 AFR1953)
- Ons ken ook ons sondes uit die burgerlike wet/landswette. Hoor wat laat die Here skryf:
. . . en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars,
(1 Timoteus 1:9 AFR1953)

Uiteraard gaan ons met al hierdie verskillende vorme van openbaring niks anders agterkom of geleer word as wat die Tien Gebooie ons leer nie. Die hoofkenbron van sondes is en sal altyd die wet van die Here wees.

Wat vra die Here met dit alles? Hy gaan van die veronderstelling uit dat elke mens vir homself/haarself altyd die beste voordeel soek.

- Die Here leer ons dat ons hierdie voordeel net in die hande kry as ons so ver moontlik van die verkeerde dinge af wegbly.
- Ons weet watter dinge is verkeerd, want die Here leer dit vir ons met sy wet en deur ons gewete en al die dinge waarvan die Bybel praat.

Maar, ons is nie verlore nie. Sodra ons die punt van eerlikheid bereik het dat ons ons eie swart treurige toestand raaksien en uitken, verstaan ons wat die Here vir ons gedoen het toe Hy ons deur die Here Jesus versoen en gered het.

Hy weet dat ons dan verstaan hoe diep treurig die Here Jesus in sy hart was oor ons. As ons daardie punt bereik het, dan help ons eie hartseer oor die swart kolle in ons lewens om ons tot geloof en bekering te beweeg.

Dit bring ons by ons persoonlike verhouding met die Here Jesus Christus.

- Ons bely Hom as Verlosser omdat ons insig (wat deur God die Heilige Gees opgeskerp word) ons laat insien dat ons met ons vyandige lewensingesteldheid die pad van verlorenheid loop.
- Hierdie bekeringspad laat ons afsien van die kwaad omdat God die Heilige Gees ons van die verkeerde dinge af laat wegbreek en 'n nuwe koers inslaan – die pad van eerlikheid en regverdig lewe teenoor God en ons medemense.
- Deur die kruis word ons herskep: Ons is nie meer sensasiesoekers wat net wil lees en hoor van die wêreldskandes nie. Nee, ons word dienaars van God en dienaars van ons medemense.
- Meteens word ons gehoorsaam aan die heel eerste bevel wat God gegee het: Ons bewaar! Ons bewaar en verdedig die eer van God – en terselfdertyd ook dié van ons medemense.
- Ons vernietig nie meer nie (en geniet ook nie ander se vernietiging nie!). Ons bou op en beskerm.

Ons besef van ons eie ellendes moet ons so nederig maak voor die Here en ons mede-mense dat ons met vrymoedigheid die volgende gedeelte uit God se Woord kan bely:

Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.” (1 Johannes 3:15 AFR1953)

Ons het die blywendheid van die ewige lewe in ons, want die Here Jesus het dit vir ons gegee. Ons weet hoe sleg 'n lewe van sondes is as Hy nie deel is van ons lewe nie – ons ken daardie slegte lewe, want die Here openbaar alles wat skeefloop in so 'n lewe in sy wet aan ons.

Ons is nuut en streef na 'n smetvrye lewe onder die leiding van God die Heilige Gees, want ons behoort aan die Here Jesus Christus.

Wat leer ons belydenis van hierdie dinge? Kom ons lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 2.

Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: *Uit die wet van God (a).*

(a) Rom 3:20.

Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: *Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (a).*

(a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27

Vraag 5: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: *Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).*

(a) Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 10 Februarie 2008 (oggend)